Sondag **28 Januarie**

**Skrifgedeelte: Sagaria 3:1-10**

**Fokusgedeelte: Sagaria 3:4**

**God verruil ons vuil klere vir feesklere**

Josua die hoëpriester staan voor die Engel van die Here. Die hoëpriester moes homself met skoon water was en ’n skoon linnekleed aantrek voor hy in die tempel kon ingaan. Hy moes ook vir homself en vir die volk se sondes offers bring. Maar Sagaria die hoëpriester staan met vuil klere aan en Satan staan ook daar om hom aan te kla. Die Here bestraf Satan en beveel dat Josua se vuil klere weggeneem moes word en dat feesklere vir hom aangetrek moes word. Net God kan sondes vergewe (Mark. 2:7).

Dit is dus duidelik dat hierdie Engel van die Here die Seun van God is. Maar Hy het eers jare later mens geword en deur sy lewe en sterwe betaal vir sy volk se sondes. Maar hoe kon God voor Christus se menswording vergifnis van sonde gee? Omdat Hy God is en dit onmoontlik is vir God om iets te belowe en dit nie dadelik waar te maak nie. Hy verkondig van die begin af die einde omdat Hy onveranderlik en vas is asof dit klaar vervul is.

As Josua, die hoëpriester van God se volk, sondig is, so ook ons. Maar God het ons gekies om ons soos brandhout uit die vuur te ruk. Hy neem ons sonde weg en beklee ons met feesklere. Die bose het geen aanklag wat kan staan teen ons nie. God gee ons rede tot groot feestelikheid. Vir hierdie rede, laat staan jou neerslagtigheid en vier saam fees en verbly jou altyd in die Here.

Sing: Psalm 116-1:7, 10

Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)